DEAL 115 | WEEK 31 | 4 AUGUSTUS 2023 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD IT'S ONLY A RUMOUR



# BoereTreat was "*sweet*", ek sê!


*Sien foto collage op bladsy 6*

Heilbronners het hul naweeklyfies tydens die jaarlikse BoereTreat wat Saterdag plaasgevind het, gewys. Die dag was gevul met opwinding en aktiwiteite vir jonk en oud, en selfs die veldbrande kon nie die pret bederf nie. Die geleentheid word al sedert 2015 aangebied en sedert die Covid-19 pandemie die fees vir 'n paar jaar geboikot het, is dit vir die tweede opeenvolgende jaar 'n hoogtepunt op die Heilbron-kalender.
Baie mense het die gholftoernooi geniet, en die meer ervare spelers was meesters op die setperke. Die speke het gesing tydens die bergfietswedren, waarna die kleingoed stokke geswaai het in die Mini-Hokkie wedstryde. 'n Hoogtepunt van die dag was die toutrek-kompetisie, waar Hoogte Boerevereniging se kragte geseëvier het en hulle uiteindelik as kampioene gekroon is. Die "Fear Factor"-uitdaging was 'n spannende belewenis, waar die avontuurlustiges hul grense getoets het. Rofstoei was ook op die spyskaart en het gesorg vir heerlike vermaak. Die BoereTreat komitee-lede het ook aan die kinders gedink en Hoërskool Heilbron se onderwysers het 'n oog oor die vermaak van die jongspan gehou, terwyl hulle ouers rustig die fees kon geniet. Laatmiddag is verskeie items in die tent opgeveil. Al die skenkings was ten bate van liefdadigheid. Die gemeenskap het ruim bygedra tydens die veiling, en dit was verblydend om te sien hoe mense saamgewerk het om 'n verskil te maak.
'n Indrukwekkende opbrengs van R20 000 is vir Huis Bron van Heil ingesamel deur 'n spesiale drankie op te veil.
Die fees het behoorlik afgeskop met die gewilde kunstenaar, Jan Rhaap, se optrede. Hy is gevolg deur die talentvolle Lianie May en Jay, wat die gehoor met hul musiek betower het. Die dag het egter nie daar geëindig nie. Die dak het behoorlik gelig met Early B en Justin Vega wat 'n energieke vertoning gelewer het en almal op hulle voete gebring het.
Die organiseerders en komiteelede is oorweldig deur die sukses van die fees en wil graag al die wonderlike borge bedank wat elke jaar bydra tot die sukses van die geleentheid. Sonder hul bydraes sou hierdie groot liefdadigheidsfees nie moontlik wees nie. Die deelneming en ondersteuning van die gemeenskap het die dag nog meer spesiaal gemaak, en die komitee het reeds groot planne vir die volgende jaar om die fees nog groter en beter te maak.
Met elke fees wat verbygaan, groei die gemeenskaplike gees in Heilbron. Die jaarlikse liefdadigheidsfees dien nie net as 'n dag van vermaak nie, maar dit bied ook 'n geleentheid vir die gemeenskap om hande te vat met die komitee en betrokke te raak by liefdadigheid in ons gemeenskap. Die fees het 'n uiters positiewe impak op die gemeenskap, en almal sien met opgewondenheid uit na die volgende jaar se viering van liefdadigheid en saamwees.









# Seniorbestuurskrisis in Ngwathe duur voort

"Tot hede is daar nog geen duidelikheid aan raadslede verskaf oor wanneer die vakatures wat reeds geadverteer was gevul sal word nie. Die vordering met die proses berus uitsluitlik by die ANC wat as meerderheidsregering die paneel aanwys wat die kortlys van aansoekers in oorleg met die munisipale bestuurder moet saamstel vir die voer van onderhoude en dit daarna aan die raad moet voorlê waar die finale aanstelling dan gedoen word," verduidelik raadslid van der Merwe.

Dit is ook nie duidelik hoe ver die dissiplinêre stappe teen die geskorste direkteur van tegniese dienste gevorder het nie. Nadat die raad besluit het dat stappe teen hom geneem moet word weens klagtes van pligsversuim, beheer die munisipale bestuurder die proses en moet hy die aanklaer en voorsitter aanstel en die proses verder dryf. "Opposisiepartye word nie ingelig gehou oor hoe die prosesse vorder nie en navrae word nie, of nie volledig beantwoord nie," sê raadslid Van der Merwe verder. "Die geskorste direkteur moet tydens die duur van die proses steeds sy volle vergoeding ontvang – dus 'n enorme vrugtelose uitgawe vir die munisipaliteit".

Die situasie beïnvloed volgens raadslid Van der Merwe die funksionering van die raad en sy komitees baie nadelig. Daar het reeds 'n maand van die nuwe finansiële jaar verstryk, maar geen skedule van datums waarop komitees moet sit is sover aan raadslede verskaf nie. "Dit ten spyte van my aandrang daarop en die feit dat die Raad in Mei vanjaar besluit het dat die Finansiële Komitee tweeweekliks moet sit om 'n omkeerstrategie waarop die Raad besluit het dringend te implimenteer," sê hy.

Dit is welbekend dat Ngwathe, soos vele ander munisipaliteite, telkens nie daarin slaag om fondse wat uit staatsweë vir projekte vir 'n bepaalde boekjaar toegeken word in daardie jaar te spandeer nie en dit dan deels aan die staat moet terugbetaal as verbeurd. "Dit is daarom uiters noodsaaklik dat veral die Infrastruktuurkomitee, wat projekte hanteer, onmiddelik na aanvang van die boekjaar op geordende wyse met werk moet begin om projekte gereed te kry vir implimentering, maar dit gebeur tans nie. Die Vryheidsfront Plus sal volhou om soveel druk moontlik op die burgemeester te plaas om haar oorsigbevoegdheid in te span om die heersende onaanvaarbare toestand aangespreek te kry".

# Huppel Trippel reis virtueel

Twee oulike aanbieders het die 32 Huppel Trippel-lede wat kom luister en kyk het, op 'n 'reis' na verskillende wêrelddele geneem. Helene Mouton het met foto's vertel van haar besoek aan die Passiespele wat vroeër vanjaar by Lady Grey aangebied is. Dit was 'n kosbare geloofs-belewenis. Op 'n heel ander vlak het Rita Groenewald met foto's op 'n TV-skerm vertel van haar besoek aan Mexico, die grootsheid van die Christusbeeld; en 'n 14km-lange brug. Sy het haar ervarings van hierdie Suid-Amerikaanse land wat baie anders; maar tóg in baie opsigte so dieselfde is as Suid Afrika met die groep gedeel. Nog 'n heerlike, leersame en ontspanne saamkuier-oggend is afgesluit met die gebruiklike tee en 'n koekie in die piering. Op 15 Augustus gaan die groep op 'n 'trip down memory lane'. Daar sal gesels word oor kosbare, nostalgiese herinneringe van laaaank gelede. Jy is welkom as jy wil kom saamkuier.



*Op die foto vl Helene Mouton en Rita Groenewald.*

**Heilbron SAPS**
are hereby informing the Community of Heilbron that the Telkom Land lines are currently not working - an alternative cell phone number is available for the Community
**Service Centre -**
076 084 9583.
Our apologies for the inconvenience. Hope you find this in order.



**BENEFITS OF BREASTFEEDING**

• Heilbron Clinic

**B** Best for baby
**R** Reduce allergies
**E** Economical - Free
**A** Antibodies - Protect child
**S** Stools - Not constipated
Stools - Not a bad smell
**T** Temperature - always ideal
**F** Fresh milk - Never goes off
**E** Emotionally bonding - *Between mother and child*
**E** Enough - Never run out of milk
**D** Digested easily
**I** Immediately available
**N** Nutritionally optimal - *Contains everything baby need*
**G** Gastro (Reduce diarree)

# UIT DIE PEN: *Week 31 van 2023*



'n Paar dae gelede spoor ek 'n kennis van my op Facebook op. Daar was drie van ons wat vanaf die kleuterskool af na dieselfde laerskool toe is, en daarna na dieselfde hoërskool. Nie dat daar 'n keuse was nie, want ons het net een van elkeen van die skole in ons grootworddorp gehad.

Ek het nog af en toe kontak met die derde een van die Hasieklas wat uiteindelik graad 12 behaal het.

Ek onthou dat die kennis se pa dood is terwyl ons nog groen op hoërskool was. Die begrafnis was in 'n baie klein kerkie, maar dit was stampvol. Toe ons met mekaar kontak maak, vra sy hoe dit met my ouers gaan. Ek sê dat my gryse ou pa reeds in die hemel is. O, gits, sê sy, sy is baie jammer.

En dis asof sy die onderwerp wil vermy. Dis presies nie wat ek wou hê nie: ek wou hê sy moes uitvra, nie spyt wees dat sy nie geweet het dat ou pa in die hemel bly nie. Wat my laat dink het aan my ou pa se kleintydplaas.

Die werf rondom die plaashuis, waarin my oupa en ouma destyds gewoon het, was redelik groot. Nog met 'n longdrop toilet waar daar ou tydskrifbladsye teen die mure geplak was. Daar was drie doringbome tussen die toilet en die plaashuis. Iewers was daar 'n dam, seker nie baie diep nie, met groen slyk wat teen die kante gedryf het. Die watertenk was langs die dam. Daar was 'n vyeboom iewers in die prentjie.

My oupa se stoor was van rooi sink. Daar was 'n baie ou trekker binne-in en ek is steeds nie seker of dit nog kon ry nie. Aan die agterkant van die huis was 'n kleiner baksteenhuisie vir die werker en sy vrou. Ek kan nie onthou dat hulle kinders gehad het nie. Langs hulle huis was 'n mielieland, met 'n doringdraad tussen-in. Daar was 'n klein hekkie na die mielieland toe.

So tien meter diep na die mielieland toe was 'n klein graf. As jy nie van die graffie geweet het nie, sou jy dit net gesien het wanneer die mielies gestroop is. As kinders het ons my oupa en ouma hoor fluister dat dit die "kindergraffie" is. En dit is al wat ons daarvan geweet het. Wanneer iemand iets daarvan gevra het, het hulle net gewys dat ons moet stilbly, en dit was die einde van die storie.

Ek weet nie of dit daardie tyd se ding was nie, maar mense het nie maklik oor die dooies gepraat nie. Nugter weet hoekom, want hulle was daar. Hulle was deel van iemand se lewe en hulle het ook familie gehad. Later het ek gehoor dat die kindergraffie een was van iemand wat my niggie of nefie moes wees. Ja, ons het selfs nie die geslag geweet nie. Ek het net later uitgevind dat dit my tannie se baba was wat by geboorte dood is.

My tannie was 14 jaar ouer as my pa en ek is die jongste van ons gebroedsels, dus was die kans klein dat ek en die nefie of niggie ooit saam modderkoekies sou bak.

Maar feit was wat niemand iets daarvan gesê het nie. Dit was net asof iemand die gordyn agter die baba se lewe toegetrek het, en niemand mog weer oor die baba of die kindergraffie gepraat het nie. Intussen is my gryse ou pa se plasie verkoop en ek is seker dat Gert, die huidige eienaar, die grafsteen verwyder het om daaroor te plant. Wat glad nie aan my sou saakmaak nie, wat dit is asof die baba in die graffie niks met my te doen gehad het nie. Die baba se ouers is ook lank reeds dood, so ook die persoon wie sy of haar broer sou word.

Toe my rooikopsussie dood is, het ek besluit dat ek altyd oor haar sal praat. Dit maak ander mense ongemaklik, maar nie vir my nie. Ek wil praat en vertel en met mense deel wie en wat sy was. Dieselfde met my gryse ou pa. Ek gee nie om om vir iemand te sê dat hy dood is nie. Ek wil nie hê iemand moet hulle onder die mat in vee en net nie weer van hulle praat nie.

Sonder dat ons dit ooit bespreek het, het my hele gesin dieselfde gedoen: gepraat en gelag en gehuil oor ons mense wat nie meer daar was nie en nooit die feit dat hulle in ons lewens was, stilgemaak nie.

My oudste boet het agt jaar gelede 'n boek begin oor ons gesin se stories. Van die dorp waar ons grootgeword het, toe my pa op die stasie gewerk het (almal het hom as "Swanie-van-die-Stasie" geken), later toe ons plaas toe getrek het, ons kinders se loopbane en die kleinkinders. Ons het in toeka die boek vir my ouers gegee toe hulle 60 jaar getroud was. Daardie aand kon ons elkeen 'n paar stories uit die boek lees en ons het lagtrane moes wegvee.

Die stories wat ons elkeen onthou het, het net meer en meer geword, en soos wat ons onthou het, het boet dit bygewerk. Uiteindelik het ons twee weke gelede die groot boek in druk ontvang: 'n allemintige 256 bladsye, in volkleur met fotos.

Ons onthoustories van ons onthoumense.

Vandag se les gaan oor ons hartsmense wat nie meer daar is nie: onthou hulle en onthou hulle stories. Oor wat hulle in ons lewens gedoen het en die heerlikhede wat saam met hulle deel van ons lewens was. Moenie hulle onder die mat invee nie, want hulle verdien om onthou te word.

Praat vandag oor hulle, skryf hulle stories neer, vertel iemand anders van die dinge wat jy kan onthou, selfs al was daar seer dinge.

Moenie hulle bestaan ontken nie.


SEDGARS
For All Your
SUITS & EVENING DRESS REQUIREMENTS
WE HAVE THE WIDEST RANGE OF EVENING DRESSES & SUITS FOR YOUR MATRIC FAREWELL
VISIT US AT OUR NEW STORE
2 LEEUWENHOEK STREET | DUNCANVILLE
SEDGARS.COM | 016 422 3804
*PICTURES ARE USED FOR ILLUSTRATIVE PURPOSES ONLY*

# Hoogte Boerevereniging weer toutrek wenners





Met die Boeretreat wat Saterdag plaasgevind het, het verskeie boereverenigings kragte gemeet. Tydens die verskillende rondtes kon jy sien die kompetisie was sterk, maar Hoogte Boerevereniging het weereens weggestap as toutrek-kampioene.

*Op die foto agter vl: Jacques van Rooyen (Snr.), Willie Matthee, Paul Keogh.*
*Middel vl: WJ Naudé, Jacques van Rooyen (Jnr), GF van Rooyen (Jnr), Jan Kotze, Simon Germishuys, Stephan Swanepoel en Kobus Möller.*
*Voor vl: Johan Germishuys en Fouché Germishuys.*

# Boeretreat rolbaldag

Die afgelope naweek het Heilbron Rolbalklub in samewerking met die Boeretreat hul eerste Boeretreat-rolbaldag aangebied. Daar is sommer vroeg al begin met 'n kalf op die spit. Om nege uur is die baan geopen en spel het begin. Dit het nie lank gevat vir die wind om sy verskyning te maak nie, en dit het spel baie moeilik gemaak.

Tussen die eerste en tweede wedstryd moes ons noodgedwonge 'n breek vat, want daar was 'n paar manne wat moes gaan toutrek. Alles was gelukkig in goeie gees.

Na spel was daar behoorlik gesmul aan die spit en mense het lekker gekuier tot laataand. Heilbron Rolbal wil ook die geleentheid gebruik om die Boeretreat te bedank dat ons saam met hulle kon inskakel.

# Heilbron duiwe presteer goed

Die afgelope naweek se wedvlugte was vanaf Colesberg oor 472 kilometer. Daar het 'n sterk suidwestewind oor die roete gewaai en dit het die duiwe vinniger laat vlieg.

Wing It (Wolter Bennink) het sy jongduif na 3 ure 57 minute geklok om die wedvlug te wen. Hy het ook die uitstekende prestasie behaal om eerste in die Vaalposduifunie te wees. Die duif het 1933 meter per minuut of 119 km per uur gevlieg.

Frik Viviers se duif het die ope afdeling gewen in 3 ure 52 minute teen 'n spoed van 2027 meter per minuut of 120 km per uur. Die duif wen dan ook die Vaalposuifunie.

**COLESBERG JAAROUD**

1. Wing It, 2. F Viviers, 3. D Cilliers, 4. D Cilliers, 5. F Viviers, 6. Stemmett Hokke, 7. Stemmett Hokke, 8. F Viviers, 9. Stemmett Hokke, 10. Stemmett Hokke.

**COLESBERG OPE**

1. F Viviers, 2. F Viviers, 3. D Cilliers, 4. Stemmett Hokke, 5. Stemmett Hokke, 6. D Cilliers, 7. F Viviers, 8. D Cilliers, 9. Stemmett Hokke, 10. F Viviers.



*Frik Viviers.*



*Wolter Bennink.*

# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Vrydag 28 Julie 2023 het lede van Kransfontein Resiesduif klub vanaf Hanover 'n Jaaroud en Ope Wedvlug gevlieg. Die duiwe is gesamentlik gelos om 07:30 en het oor 'n afstand van 530 kilometer gevlieg terug na Reitz. Die Jaaroud wenduif is om 14:54 geklok.



*Op die foto staan Handro Swart met nommer 11 van Liefde Hokke A wat die Hanover Ope vlug met 6 minute gewen het. Handro is 'n leerling aan die Hoërskool Reitz.*

1. Du Plessis Hokke, 2. Liefde Hokke A, 3. Du Plessis Hokke, 4. Liefde Hokke A, 5. Heine Resiesduif Hokke, 6. Du Plessis Hokke, 7. Du Plessis Hokke, 8. Du Plessis Hokke, 9. Spartan Pigeon, 10. Spartan Pigeon.

Die wenduif op die Ope wedvlug is om 14:47 geklok

1. Liefde Hokke A, 2. Heine Resiesduif Hokke, 3. Du Plessis Hokke, 4. Du Plessis Hokke, 5. Heine Resiesduif Hokke, 6. Heine Resiesduif Hokke, 7. Wolmarans Hokke, 8. Spartan Pigeon, 9. Spartan Pigeon, 10. Du Plessis Hokke.

Eerskomende Saterdag vlieg die duiwe vanaf Richmond.



*Op foto is nommer 368 van Du Plessis Hokke wat die Hanover Jaaroud vlug met 23 sekondes gewen het.*

# Marilize doen dit weer

*• Gerrie Greeff*

Die Lapua nasionale kompetisie, wat op 22 Julie by die Excalibur skietbaan te Welkom plaasgevind het, was 'n besondere geleentheid vir skietliefhebbers in Suid-Afrika.

Een van die deelnemers wat die aandag getrek het, was 'n jong dame van Heilbron genaamd Marilize Loots. Sy het haarself oortref en as 'n wenner by Dasklip Skietbaan gekwalifiseer waar sy die finale behaal het. Dit is ongelooflik indrukwekkend, veral omdat dit nog net haar tweede byeenkoms was waaraan sy deelgeneem het. Sy het met 'n geleende geweer geskiet, wat haar prestasie nog meer besonders maak. Marilize het in die dames randslag 'n uitstekende derde plek behaal en het ook 'n indrukwekkende vyfde plek in die ope-klas verower. Hierdie prestasie is 'n bewys van haar talent en toewyding aan die skietkuns. Dit is duidelik dat sy 'n belowende toekoms in die sport het. Die kompetisie het 'n opwindende en uitdagende atmosfeer geskep waar mans, dames en juniors saam meegeding het. Dit was 'n geleentheid waar skuts van verskeie vlakke kon saamkom en mekaar uitdaag om hul grense te verken. Ons wil graag Marilize Loots gelukwens met haar fantastiese prestasie en haar aanmoedig om voort te gaan met haar skietloopbaan. Sy het bewys dat deur toewyding, harde werk en passie, groot dinge bereik kan word. Ons is trots op haar en sien uit na die sukses wat nog voorlê.



# INSPIRASIE RESEPTE


A rich a creamy butternut soup always hits the spot. These cold winter nights call for an unctuous, luxurious, hugging-ly warm and comforting dish. Nothing fits this better than this easy and quick tray bake butternut soup. The warm spices and ginger give it a wonderful and aromatic kick and its really easy and really delicious.

**Butternut and carrot soup with warm spices, coconut and coriander**
Preparation time – 15 minutes
Cooking time – 1 hour
Serving – 6 – 8

**Ingredients for the for the soup**
4 medium butternuts, peeled and cut into chunks
4 large carrots, washed and cut into pieces
2 brown onions, cleaned and cut in halve
1 tablespoon fine cumin
1 tablespoon fine coriander
½ teaspoon fine cinnamon
½ teaspoon fine ginger
Zest of 1 orange
2 tablespoon garlic and ginger paste
2 cups coconut cream
2 l chicken stock
Olive oil and honey
Salt and pepper
Fresh coriander for serving
Toasted pumpkin seeds for serving



**Method for the soup**
Heat your fan oven to 180 degrees. Place your butternut, carrots and onions in a baking tray. Drizzle with olive oil and honey. Now add your spices and mix well to coat the vegetables evenly. Season with salt and pepper. Now place your vegetables in the oven and roast it for 25 – 30 minutes, or until brown and caramelised. Remove your vegetables from the oven and add it to a large pot. Now add the ginger and garlic paste, orange peel, stock and coconut milk. Over a medium heat, bring the soup to a boil. Reduce the heat to low and simmer for 20 minutes until the butternuts and carrots is soft. Use a stick blender and blend the soup until smooth. You can add water or coconut milk to adjust the consistency. Add salt and pepper to taste.



Pasch du Plooy

**How to serve**
Served the soup with a dollop of coconut cream some and some toasted pumpkin seeds and fresh coriander on top.

**Chefs note:**
You can easily replace the butternut with sweet potato or do a mix if you don't have enough of the one.

# Die vreugde van 'n heerlike Sondagmiddag ete by De Vry

Daar is min dinge in die lewe wat kan vergelyk met die vreugde van 'n heerlike Sondag-middagete saam met vriende en familie. Die gesselligheid, die rustige atmosfeer en die smaakvolle disse wat jou tong laat dans van plesier, is kosbare oomblikke wat ons almal koester.

DE VRY

De Vry bied 'n geleentheid wat alles inhou van wat 'n mens kan begeer op so 'n spesiale dag. Elke maand hou De Vry 'n "Oesfees Geïnspireerde Tafel," 'n viergang maaltyd wat selfs die mees verfynde proeër sal laat vra vir nog. Van die oomblik wat jy die restaurant betree, omarm die aangename geur van heerlike disse jou en laat dit jou mond water. Een van die hoogtepunte op die spyskaart is die kaiingbrood met heerlike plaasbotter. Hierdie eenvoudige, maar smaaklike gereg bring jou dadelik terug na daardie heerlike tye by die ouma se huis, waar die geur van varsgebakte brood en botter jou hart vul met nostalgie. En asof dit nie genoeg is nie, wag daar 'n besonderse verrassing na die hoofgereg - 'n boereraat brandewyn wat die perfekte afsluiting is vir 'n heerlike ete. Hierdie lekkerny sal selfs die soetste tand laat geniet en jou tevrede en gelukkig laat voel. Die atmosfeer by De Vry is een van rustigheid en vreugde, en dit is die perfekte plek om jou familie en vriende te bederf. Die sorg waarmee elke gereg voorberei word, is duidelik en maak die hele ervaring net nog meer spesiaal. Wanneer jy by De Vry aankom, word jy met vriendelikheid en warmte gegroet. Die span is passievol oor hul kos en dit is aansteeklik. Dit is nie net 'n ete nie, maar 'n ervaring wat jou siel verryk en jou hart vul met liefde vir die Suid-Afrikaanse kookkuns. In 'n samelewing waar die lewe soms gejaag en haastig is, is daar niks soos 'n Sondag middagete by De Vry om jou terug te bring na die eenvoudige en gelukkige tye van die verlede nie. Hier ontsnap jy aan die alledaagse stres en spanning en verloor jouself in die heerlikheid van smaakvolle kos en goeie geselskap.

So, as jy 'n plek soek waar jy jouself en jou geliefdes kan bederf, maak De Vry jou eerste keuse op jou lys.


CHAMONIX X DE VRY
WINE, GIN AND FOOD LUNCH
Sunday 13 August – 11:00 for 11:30
ARRIVAL SNACKS
Wine cured free range beef biltong – sweet chilli glaze
AMUSE
Smoked Franschhoek trout - green apple - mint
PALETTE CLEANSER
Die Droë Rooibek gin ice lollipop
BREAD COURSE
Sweet corn dinner rolls - honey butter - cumin plaaskaas
STARTER - PLATED
Miso glazed seared duck breast – parsnip cream and chips – crackling
MAINS - FAMILY STYLE SHARING
Roasted lamb saddle – beetroot - charred onions - leeks - pomme croquettes - sauce bordelaise
DESSERT PLATTERS
Pasta rum tiramisu – ginger crumble – ... cream
De vry ginger square cocktail
R595 EXCLUDING EXTRA DRINKS AND SERVICE FEES
LIMITED SEATS AVAILABLE – BOOK NOW
email tastingroom@devrydistillery.co.za
or send a WhatsApp to 072 606 3960














# HERALD *Gemeenskapsnuus* BOERETREAT 2023





• EST.2021 •
OJ'S
— ON LONGMARKET —

058 852 1319
BESIGHEIDSURE
Ma-Di: Gesluit
Wo-Sa: 10:00 - 21:00
So: 10:00 - 17:00

AARTAPPEL & PREI SOP!
*Hoofgereg @ R138.99 | Starter @ R58.99*



# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE MONCOMASOKU JAMES MAKHOBO, Identiteitsnommer: 470820 5550 084** in lewe 'n pensioenaris woonagtig te 1709, Petsana, Reitz, 9810 getroud binne gemeenskap van goedere met **MARIA MAKHOBO, Identiteitsnommer: 480820 0560 08 6.**
**Datum van afsterwe: 22 Junie 2020**
**BOEDELNOMMER: 005279/2021**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling darvolgens oorgaan.
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ, 9810**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **Mohoang**
First names: **Molefi Isaac**
Estate Number: **3772/2023**
Identity/passport number: **580510 5842 089**
Date of death: **21/03/2023**
Last address: **Erf 1105, Phiritona, Heilbron**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**Ntobokwenzani Sara Mohoang**
**Identity/Passport Number: 570808 0666 087**
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: AA SCHUTTE/jf**
**DATE SUBMITTED: 2023/07/21**


**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 - 16:30
**Saterdae:** 09:00 - 12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*






NCR Printing
no-carbon-required
Book Printing
Design & printing:
Invoice books
Receipt books
Delivery books
Order books
Individually numbered
Duplicate, triplicate
& more



WINKELURE
Maandae - Donderdae: 07:30 -17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
Elsstr. 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National








# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R



**OPSOEK NA WEIDING OM TE HUUR**
Kontak Petri Leonard
082 785 7699



DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
**Kontak:**
**Ryno 073 268 7565**
**ryno.dupno@gmail.com**


## RIEMLAND JAGTERSVERENGING JAARPROGRAM 2023

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 12 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 19 AUGUSTUS | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 02 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 07 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 09:00 |
| 14 OKTOBER | TROFEE MEET/JAARVERGADERING /DINEE BLOEMFONTEIN | |
| 03 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 18 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2024 MOET NOU BETAAL WORD | |

# TE KOOP TE HUUR

**TE KOOP**
**Voer te koop.**
*Skakel gerus*
*083 688 8256*
*K0597*

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# SMALLS


**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R






**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**
**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!




# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**



***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 084 988 6078




HERALD Sport

# Gholfers speel deur wind en vlamme



Vrydag se wenners vl: Eben Stander, Jannie Breitenbach en Obi Oberholzer.



John-Rick Pretorius wen die sak met sy raak afstand-raai.

As of gholf nie moeilik genoeg is nie, moes sowat 154 gholfers 'n sterk wind en ook vlamme Saterdag trotseer tydens die jaarlikse Boeretreat gholfdag. Die veldbrand wat op die Sasolburg pad ontstaan het en na die baan versprei het, het organiseerders laat bontstaan om dit te blus en gelukkig het boere van die omgewing ook kom help. Niks kon egter verhoed dat die dag nie afgesluit is met 'n groot gees van lekkerte nie.

Vrydag was die meer formele gholfdag met 'n IPS kompetisie wat gewen is deur 'n besoeker van Frankfort, Jannie Breitenbach met 42 punte. Eben Stander speel ook goeie gholf en eindig tweede op 40 punte. Obi Oberholzer wat verkeerdom speel eindig derde met 39 punte na 'n uittel teen Julyan Bruyns.


Die Pro Shop het 'n prys geborg vir die persoon wat sy eie dryfhou se afstand kan skat. John-Rick Pretorius wys al die hardebaarde hoe dit gedoen moet word en raai sy afstand presies reg. Daardeur wen hy vir homself 'n gholfsak.

Môre is die HBA maandbeker op die spel, inskrywings vanaf 10:30.












BKB

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 07 AUGUSTUS 2023**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 08 AUGUSTUS 2023**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

DUNDEE 2-Weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

JOZINI - Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134

VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169

WESSELSBRON: PZ TRUST Staak Boerdery veiling
11:00, plaas Bloudrift
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DEVON: Open Range Beefmasters
11:00, plaas Leeuwkop
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

**WOENSDAG - 09 AUGUSTUS 2023**

REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco 082 799 2776

MIDDELBURG: SIS Boerdery Groep
11:00, plaas Roodepoort
Kontak David Harris 082 573 7979

WINDBURG: Rotswand & Maratana Simbras Produksieveiling 11:00, Winburg BV Skrale
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

**DONDERDAG - 10 AUGUSTUS 2023**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ROSENDAL Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 11 AUGUSTUS 2023**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

THEUNISSEN: Kandys Beefmasters Produksieveiling
11:00, Brakfontein
Kontak Werner Harmse 071 384 3631

**www.bkb.co.za**
**BKB Limited 1998/012435/06**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071**
**e-pos: frankfort@bkb.co.za**